# Liberty 'lingo': Van wie praat ons?

Hoewel ons probeer om nie ons kliënte te verwar met 'jargon' en regsterminologie wat nie in alledaagse gesprekke voorkom nie, is daar sommige woorde en terme wat nie vermy kan word nie. As jy dus nie seker is wat 'n *sedent* is nie, en of jy byvoorbeeld 'n *natuurlike persoon* is, lees asseblief verder!

| | |
|---|---|
| **annuïtant** | 'n Persoon wat gereelde inkomste-betalings van 'n annuïteitspolis ontvang. |
| **applikant** | 'n Persoon wat aansoek doen om die eienaar of versekerde lewe van 'n polis te wees. |
| **assessor** | 'n Peroon wat die vaardigheid en opleiding het om sterfte- en ongeskiktheidseise namens die versekeraar te evalueer. |
| **versekeraar** | Die regsentiteit waardeur 'n persoon verseker word en wat as 'n langtermyn-versekeraar by die Finansiële Diensteraad geregistreer moet wees. |
| **begunstigde** | 'n Persoon of regsentiteit wat gekies word om die sterftevoordeel te ontvang wat uitbetaal word wanneer die versekerde lewe op die polis te sterwe kom. |
| **Begunstigde, opvolger-betaalde** | Op sommige annuïteite word die begunstigde die 'opvolger-betaalde' genoem, omdat hy of sy geregtig raak op die uitbetaling van 'n annuïteit by die sterfte van die annuïtant. |
| **makelaar** | 'n Gemagtigde finansiële diensteverskaffer wat 'n dienstekontrak met 'n aantal finansiële instellings het om hul produkte te bemark. |
| **Makelaar-konsultant** | 'n Liberty-werknemer wat bemarkings- en diensondersteuning aan 'n toegewysde groep makelaars verskaf. |
| **sedent** | 'n Persoon of entiteit wat sekere regte van 'n polis wettiglik aan 'n derde party (die sessionaris) oordra. |
| **sessionaris** | Die persoon of entiteit aan wie sekere regte van 'n polis oorgedra word. |
| **saamwoner** | Een van twee persone (lewensmaats) wat saamwoon. |
| **gewoontehuwelik (ook bekend as 'n 'gewoonte-verbintenis')** | 'n Huwelik wat in ooreenstemming met tradisionele Afrika-gewoontes en –kulture gesluit word en wat in terme van die Wet op Erkenning van Gewoonte-huwelike van 1998 geregistreer is. |
| **uitgestelde pensionaris** | 'n Persoon wat uit 'n onderneming bedank en nie geld uit die onderneming se aftreefonds onttrek of oordra nie, maar dit daar laat totdat hy of sy aftree. |
| **afhanklike** | 'n Persoon vir wie se onderhoud jy feitelik en/of wetlik verantwoordelik is, of wetlik verantwoordelik sou gewees het indien jy nie gesterf het nie. |
| **eksekuteur** | 'n Persoon wat aangestel is om die boedel van die gestorwene te bestuur. |
| **onafhanklike finansiële adviseur** | 'n Makelaar wat enige finansiële maatskappy se produkte kan bemark en nie net aan Liberty verbind is nie. |
| **nie-gekontrakteerde finansiële adviseur** | 'n Finansiële adviseur wat nie 'n kontrak met Liberty het nie, maar wat 'n Liberty-polishouer kan verteenwoordig met 'n magtigingsbrief of 'n makelaarsnota. |
| **verbonde finansiële adviseur** | 'n Adviseur wat slegs Liberty-produkte kan bemark, byvoorbeeld 'n agent of 'n konsessiehouer. |
| **Finansiële diensteverskaffer** | 'n Persoon wat onder die Finansiële Advies- en Intermediêre Dienstewet geregistreer is om advies en tussentydse dienste wat verwant is aan finansiële produkte, te verskaf. |
| **voog** | 'n Persoon wat verantwoordelik is vir die regs- en finansiële sake van 'n minderjarige. |
| **Wettige voog** | Wettige voogde kan deur die Meester van die Hooggeregshof aangestel word om namens 'n kind op te tree, gewoonlik omdat die *natuurlike voogde* gesterf het. |

| | |
|---|---|
| **Natuurlike voog** | ‘n Kind se ouers is sy/haar natuurlike en *wettige voogde.*. As ‘n vader en moeder voogdyskap van ‘n minderjarige kind het, kan elkeen enige plig uitvoer met betrekking tot die voogdyskap (sorg) van die minderjarige, sonder die ander se toestemming. |
| **onbevoeg** | ‘n Persoon wat onbevoeg verklaar word om sy of haar eie sake te behartig, byvoorbeeld vanweë geestesongestesteldheid of fisieke onbevoegdheid (byvoorbeeld ‘n koma). Sulke persone word gewoonlik deur die hof onder kuratorskap geplaas. |
| **Mede-eienaars** | Twee of meer mense wat op dieselfde tyd en in onverdeelde aandele iets saam besit. ‘n *Mede-eienaar* kan nie ‘n verandering aan ‘n polis versoek waarvan hy/sy mede-eienaar is, sonder die toestemming (instemming) van die ander eienaars nie. |
| **Versekerde lewe** | Die persoon wie se lewe deur ‘n versekeraar gedek word teen die risikos wat in die versekeringspolis uiteengesit word. |
| **Eerste versekerde lewe** | Elke polis moet minstens een *versekerde lewe* hê. Hierdie persoon staan bekend as die eerste of hoof versekerde lewe. |
| **Versekerde lewe betaler** | Die onderskryfde lewe van die betaler, spesifiek met betrekking tot voordele wat premie-/bydrae-kwytskelding behels. Effektief ‘n *tweede versekerde lewe*, onderhewig aan spesifieke kontraktuele voorwaardes. |
| **Tweede versekerde lewe** | ‘n Tweede versekerde lewe kan op ‘n polis gekies word. As die eerste versekerde lewe sterf, eindig die polis nie, omdat daar steeds ‘n *tweede versekerde lewe* op die polis is. |
| **lewensmaat** | ‘n Persoon wat in ‘n verhouding betrokke is wat as permanent beskou word. Sien ook *saamwoner* |
| **likwidateur** | ‘n Persoon wat deur die Meester van die Hooggeregshof aangestel word om ‘n boedel of maatskappy wat onder likwidasie of sekwestrasie is, te hanteer. |
| **lid** | ‘n Persoon wat bydra of voorheen bygedra het tot ‘n aftreefonds. |
| **minderjarige** | ‘n Kind onder die ouderdom van 18 jaar. |
| **natuurlike persoon** | ‘n Individu. |
| **Nie-inwoner** | ‘n Persoon (d.i. ‘n natuurlike persoon of regsentiteit) wie se normale woonplek of plek van registrasie buite die Republiek van Suid-Afrika is. |
| **betaalde** | ‘n Ander woord vir *begunstigde* of die persoon wat die opbrengs van ‘n polis ontvang op grond van ‘n sterfte- of ongeskiktheidseis. |
| **Betaler (van premies)** | Die persoon wat die premies op ‘n polis betaal, maar wat nie noodwendig die polishouer of begunstigde is nie. ‘n Betaler kan nie enige inligting oor die polis kry nie, behalwe besonderhede rakende die betaling van premies, tensy hy/sy ook die polishouer is. ‘n Betaler mag nie enige wysigings aan die polis aanbring nie, maar hy of sy kan die betaling van premies staak, wat daartoe kan lei dat die polis opbetaald gemaak of gekanselleer word. |
| **betaler** | Die eienaar van die bankrekening waaruit die premiebetalings op ‘n polis gemaak word. |
| **polishouer** | Die persoon wat aansoek doen vir ‘n versekeringspolis (kontrak) en die eienaar daarvan is. |
| **Postume kind** | ‘n Kind wat na die sterfte van een of albei sy/haar ouers gebore word. |
| **Suid-Afrikaanse inwoner** | ‘n Persoon van enige nasionaliteit wat Suid-Afrika sy/haar woonplek gemaak het, of ‘n regsentiteit van enige nasionaliteit wat in Suid-Afrika geregistreer is. |
| **ondertekenaar** | ‘n Persoon wat gemagtig is om betalings uit ‘n polis of ‘n bankrekening te maak. |
| **eggenoot** | ‘n Persoon met wie ‘n mens wettig getroud is, insluitend die partye in ‘n gewoonte-verbintenis, siviele verbintenis en ‘n verbintenis wat deur die Asiatiese godsdiens as ‘n huwelik gereken word. |

| | |
|---|---|
| **onderskrywer** | ‘n Persoon wat die risiko assesseer wat die versekeraar sal aangaan deur ‘n aansoeker te verseker, met inagneming van die aansoeker se ouderdom, rookgewoontes, betrekking en ander faktore wat die risiko van die aansoeker kan beïnvloed. |

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*